## Deeglike Navorsing; Boeiende Skryfstyl: die Veelfasettige Stalin

**Simon Sebag Montefiore,** ***Stalin. The Court of the Red Tsar***
Sagteband, Phoenix, Londen, 2004
720 pp
ISBN 0 75381 766 7
£9.99

Deeglik nagevorste geskiedenis, sonder ’n oormaat voetnote, wat met behulp van dramatiese dialoog soos ’n roman lees, is nie volop nie. Wanneer die dramatiese persoonlikhede soos Stalin en sy howelinge, of magnate (soos Montefiori hulle noem vanweë hulle ongekende beheer oor mag) se lewens sistematies van dag tot dag te midde van groot krisisse verhaal word, word dit leesstof wat die leser nie maklik kan neersit nie, al is dit ’n teks van meer as 700 bladsye.

Terwyl die boek van die mees dramatiese gebeure in die geskiedenis behandel – die Russiese Rewolusie, die Stalin Rewolusie, die Stalin Terreur, die Sowjetunie se ervaring van die Tweede Wêreldoorlog en die Koue Oorlog tot Stalin se dood in 1953 – verwag ’n mens ’n sistematiese ontleding van die magte en kragte wat in elke gebeurtenis ’n rol gespeel het. Dit is nie wat Montefiore doen nie. In die tradisie van die beste verhalende geskiedenis skryf hy die storie van Stalin en sy howelinge se optrede. ’n Mens bevraagteken soms die vryheid wat hy hom met dialoog veroorloof, maar in die hardebandkopie verantwoord hy dit met verwysings. Die fyn detail waarmee hy dit doen is verstommend. ’n Hele hoofstuk word gewy aan die sterftonele

van Stalin en die wyse waarop elkeen van sy howelinge die skyn van smart met die manipulering van hulle eie magsposisies gekombineer het. Somtyds vra die leser homself af hoe Montefiore dit alles kon weet. Neem byvoorbeeld sy beskrywing van Molotov se ontvangs op 10 November 1940 op Berlyn se Anhalterstasie – die historiese besoek wat tot die Molotov-Von Ribbentropverdrag gelei het (p 344). In ’n enkele paragraaf skep Montefiori die dramatiese atmosfeer wat die ontvangs gekenmerk het en meld selfs dat die orkes die *Internationale* teen dubbeltempo gespeel het, sodat die kommuniste nie kon saamsing nie! Wanneer hy weer oor die rol van drank en seks in die Kremlin skryf, wonder ’n mens of die uitgewers nie in die versoeking gekom het om die titel *Sex in the Kremlin* te maak nie. Dit is veral die detail oor die hoof van Stalin se veiligheidspolisie, Lavrenti Beria, se drank- en sekslewe wat die leser laat wonder of dit op werklike historiese bronne of op skinderpraatjies berus (p 517). Montefiori is besonder skerp in sy oordeel, maar billik in sy feitelikhede. Hy noem Beria byvoorbeeld ’n “seksuele roofdier”, maar wys ook daarop dat Stalin geen naaktonele van enige aard in Russiese rolprente geduld het nie (p 533). Hy wy ’n volle hoofstuk (Hoofstuk 46) aan Stalin se naglewe – nie oor sy perversiteit nie, maar oor die feit dat hy tot 02:00 of 03:00 gewerk het en dan feeste en rolprentvertonings vir die lede van die Politburo, die diplomatieke diens of sy generaals aangebied het. Gedurende dié vertonings het hy selfs lopend kommentaar gelewer!

Die beeld van die Kremlin wat uit die studie na vore tree, is nog meer skrikwekkend as die werk wat tot op datum as standaard vir die uitsonderlike sisteem van die bolsjewistiese leierskap gedien het, naamlik Robert Conquest se *The Great Terror* (Oxford University Press, New York, 1990). Die feit dat iemand ’n leiersposisie beklee het, of ’n nasionale held was wat die Sowjetunie uit die krisis van die Duitse aanslag verlos het (soos maarskalk Georgi Shukov), of dat jy ’n internasionaal erkende moderne komponis was (soos Dimitri Sjostakovich), het nie jou veiligheid gewaarborg nie. Montefiori beskryf die verskillende terreurveldtogte (1937, 1940, 1947, 1950 en 1952) as die ervaring van individue. Sy uiteensetting van hoe die magnate op mekaar gespioeneer het, mekaar gewantrou het, mekaar se veiligheid ondergrawe en mekaar verraai het, help dat ’n mens kan begryp waarom die sisteem, ten spyte van hervormings, nie stand kon hou nie en nooit werklik demokraties kon wees nie (p. 540 is ’n goeie voorbeeld in dié verband). Stalin het almal en alles volledig gedomineer, sonder enige persoonlike lojaliteitsgevoel. Dit is dan ook teen hierdie agtergrond wat ’n vurige Stalinis en aandadige aan al die terreur soos Nikita Chroestjof, die anti-Stalinisme begin het. In die epiloog vertel Montefiori wat van elkeen van die howelinge en hulle nasate geword het en hoe lojaal baie van hulle aan Stalin gebly het, ten spyte daarvan dat hy hulle gemartel en vervolg het.

Montefiori se boek is uitsonderlik – nie net vanweë die boeiende skryfstyl nie, maar veral die diepte van navorsing. Hy het toegang gehad tot bronne wat niemand vantevore kon raadpleeg nie. Dit sluit die Stalin-argief in, maar veral ook 'n groot aantal onderhoude wat hy met nog lewende nasate gevoer het en die besondere toegang tot privaat familiedokumente wat hulle aan hom beskikbaar gestel het. Met behulp hiervan kon hy 'n kronologiese rekonstruksie van die verloop van gebeure maak en deurgaans die aandag op die eg menslike van selfs hierdie magtige potentate vestig, byvoorbeeld die twee dae tydens die Tweede Wêreldoorlog toe die Sowjetunie in werklikheid sonder 'n regeringshoof gesit het. Die Duitse oorwinnings het Stalin so moedeloos gemaak, dat hy homself as 'n mislukking beskou het en hom vir twee dae teruggetrek het. Dit was die ideale geleentheid vir Beria, Molotov, Malenkov en die ander lede van die Politburo om van Stalin ontslae te raak. Hulle kon nie daarin slaag nie en het eerder se Stalin se onbeheerste mag versterk as verswak.

Te midde van die ongekende mag van die Stalinistiese diktatuur wat miljoene mense geëlimineer het omdat hulle daarvan verdink is dat hulle vyande van die rewolusie was, is dit die magdeurdrenkte mentaliteit van die Kremlin-base wat die sterkste uit die verhaal spreek. Beste vriende, familie, man en vrou het mekaar in belang van die suiwerheid van die rewolusie verraai. Niemand was veilig nie en niemand het die moed gehad om Stalin teen te gaan nie. Die onsmaaklike interne magstryd tussen die groot entoesiaste van die rewolusie en die vurige aanhangers van die bosjewisme, lees soos 'n spanningsverhaal.

Te midde van die orgies van terreur, die deurnag fuifery en die immorele aktiwiteite in die Kremlin, is dit ook die eg menslike van elke rolspeler wat Montefiori uitbeeld. Dat die hardvogtige Stalin so teer en sorgsaam oor sy dogter Svetlana kon wees, dat hy 'n entoesiastiese belangstelling in die letterkunde gehad het, dat die Russiese klassieke musiek sy groot liefhebbery was en dat hy 'n toegewyde student van die Europese en Russiese geskiedenis was, toon die ander kant van dié hardvogtige diktator wat geen agting vir mense of morele oorweginge gehad het nie. Dit openbaar Stalin die intellektueel. Montefiori gaan so ver as om te beweer dat Stalin die mees belese Russiese leier vanaf Katherina die Grote tot Lenin en Poetin is (p 100).

Stalin, die familie- en gesinsman, is 'n ander aspek van die boek wat boei. Die invloed wat hulle Christelike familie-agtergrond op 'n aantal van die leidende magnate gehad het, word deur Montefiori in verband gebring met hulle latere optrede. Stalin, Yenekidze en Mikoyan was ingeskrewe studente aan die Teologiese Seminarium in Tiflis waar Voroshilov 'n koorknaap was. Kalinin, Beria en Kaganovich het almal uit diep godsdienstige huise gekom. Die bolsjewisme, sê Montefiori, het die plek van die godsdiens in hulle lewens

ingeneem, dus kan hulle wrede terreur net verstaan word as 'n passie – "a sort of military religious order" (p 88). In hedendaagse terme 'n kwasi-Islamitiese fanatisisme. Stalin se geboorteplek Gori, is trouens veel nader aan Baghdad as aan Moskou. Saddam Hoessein is in 'n klein dorpie 100 kilometer van Gori gebore. Hoessein was van kleins af 'n bewonderaar van Stalin en het graag oor hom gelees.

Die huweliksverhouding tussen Stalin en die jeugdige vurige rewolusionêr, Nadia Alliluyeva, wat maar 17 was toe die 39-jarige Stalin met haar getrou het, word in besonderhede vertel. Die verhaal van haar selfmoord op die nag van 7/8 November 1932 en haar begrafnis, die enigste geleentheid waar Molotov ooit vir Stalin 'n traan sien stort het, speel in die boek soos 'n rolprenttoneel af. Die beskrywing van Stalin se liefde vir sy kinders, maar sy onvermoë om tot hulle innerlike deur te dring omdat sy gees volledig deur die rewolusie en die idee van die Nuwe Rusland deurdrenk was, plaas Montefiori se boek in 'n ander kategorie as al die bestaande biografieë oor Stalin.

Pieter Kapp
Besoekende Navorsingsgenoot
Departement Geskiedenis
Universiteit van die Vrystaat